Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, January 10, 2021
Page: 16

Nico van Gijsen



Raad met jou rande

# Belasting in die huwelik: Só werk dit

## Binne gemeenskap van goed getroud? Man en vrou is gelyk in álle opsigte



Ons kyk vandag na belasting in huwelike waar mense gekies het om binne gemeenskap van goed te trou.

'n Leser skryf hy en sy vrou is binne gemeenskap van goed getroud. Hy is 71 en sy is 64 jaar oud. Sy inkomste per jaar is R60 000 en sy vrou s'n is R280 000, alles uit rente en beleggings, lei ek af.

Hy betaal premies op 'n mediese skema en het ook bykomende mediese uitgawes. Sy vrou spaar in (ek neem aan) 'n uittree-annuïteit (UA). Hy betaal nie inkomstebelasting nie en wil weet hoeveel inkomste hy moet verdien vóórdat hy inkomstebelasting sal moet betaal.

Die belastingdrempel vir 'n persoon bó 65 jaar oud is R128 650. Dis maklik, maar daar is veel meer ter sprake.

Kortliks net 'n punt oor die bydraes aan 'n mediese fonds. Jou mediese fondspremies is nie belastingaftrekbaar nie. Daar is 'n vasgestelde belastingkrediet afhangende van hoeveel afhanklikes daar is. Die belastingkrediet is R319 per maand elk vir die hooflid en een afhanklike en R215 vir elke bykomende afhanklike.

Daar is 'n tweede mediese uitgawe-belastingkrediet wat kwalifiserende mediese uitgawes geld waarvoor die mediese fonds nie betaal het nie. Dié berekening het wel met jou inkomste te doen en word volgens 'n bepaalde formule bereken.

### Binne gemeenskap

Vandag wil ek my bepaal by die vraag oor inkomstebelasting en die huweliksvorm binne gemeenskap van goed.

Om die belasting te verstaan is dit belangrik om die regsgevolge van die huweliksvorm te verstaan. As jy binne gemeenskap van goed getroud is, beteken dit daar het 'n gemeenskaplike boedel ontstaan waarin albei gades gelykop deel en gelyke verantwoordelikheid het.

Ja, en vir dié wat nog nie agter die klip uitgekom het nie, daar bestaan nie 'n ding soos "maritale mag van die man" nie. Julle is gelyk in alle opsigte.

Die gevolg is dat ook inkomste gelykop verdeel en so belas word. Behalwe in die geval van vergoeding (salaris), wat in die hande van die persoon belas word wat die salaris verdien.

Inkomste uit 'n pensioenfonds word gereken as vergoeding en is eweneens belasbaar in die hande van die pensioentrekker. Natuurlik, nadat die belasting betaal is, val die nabelaste deel van daardie inkomste wel in die gemeenskaplike boedel in gelyke dele.

In die leser se geval waar hy dus R60 000 en sy vrou R280 000 per jaar verdien uit beleggings (of huurinkomste), sal die twee bedrae bymekaar getel word en elkeen sal in eie naam op sy en haar helfte inkomstebelasting betaal.

Kom ons sê dis alles uit rente verdien, dan is die totale inkomste (R60 000 + R280 000) R340 000 en elkeen word belas op (R340 000/2) R170 000.

Maar Jan Taks doen die som vir jou, so jy hoef jou nie te bekommer nie. Verklaar net jou eie inkomste in jou belastingopgawe.

Wat baie belangrik hier is, is dat die leser en sy vrou waarskynlik (gegewe die syfers) as voorlopige belastingbetalers geregistreer moet wees. Die oomblik dat jy meer as R30 000 per jaar beleggingsinkomste kry, is dit 'n vereiste.

Die gevolg daarvan is dat jy twee keer per jaar 'n opgawe sal moet indien en vooruit belasting sal betaal op jou verwagte inkomste.

### Dis hoe dinge werk. Hoe lyk die syfers?

Kom ons neem aan al die inkomste is uit rente verdien op beleggings en dié bedrag, nadat ons dit deur twee gedeel het, is R170 000 bruto inkomste vir die jaar vir elkeen van hulle.

Hoe lyk die belastingsom?

Eerstens is daar die rentevrystelling van R23 800 vir die leser se vrou en R34 500 vir hom, omdat hy ouer as 65 jaar is. Hul onderskeie inkomste vir die jaar ná die vrystelling is dus R146 200 (sy vrou) en R135 500 vir hom.

Die bedrae val in vir inkomstebelasting.

Om dinge eenvoudig te hou en om my te bepaal by die leser se vraag los ons die belastingaftrekking op die premies wat sy vrou betaal op 'n UA (tot 'n bedrag gelyk aan 27,5% van inkomste is aftrekbaar). Daar is ook nie KWB-somme wat in berekening gebring moet word nie en daar is ook nie ander belastingaftrekkings, waaronder sekere skenkings, nie.

Die belasting verskuldig in die jaar word dus bereken op die twee bedrae hierbo genoem (ná die rentevrystelling).

Volgens die belastingskaal ter sake is hul belasting dus onderskeidelik R26 280 (die vrou) en R24 300 vir hom.

Maar dis nie klaar nie. Hulle kry elkeen 'n primêre korting van R14 958, terwyl hy, omdat hy bó 65 is, 'n bykomende korting van R8 199 kry.

Hul finale belastingplig vir die jaar lyk dus as volg: Sy gaan R11 322 moet betaal en hy R1 143 (mediese kortings uitgesluit).

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.